Vincent van Gogh

Content hosted by iono.fm

Hoewel hy nie gedurende sy leeftyd bekend was nie en slegs een skildery, *Die Rooi Wingerd* (*The Red Vineyard*) verkoop het, word **Vincent van Gogh** vandag as een van die grootste en invloedrykste kunstenaars van sy tyd beskou.

Die Vincent van Gogh-museum.

In 1990 is sy portret van dr. Gachet [1] vir meer as $82,5 miljoen in vandag se geldwaarde (sowat $160 miljoen in vandag se geldwaarde, byna R2.9 miljard) op ’n veiling van die afslaers Christie’s verkoop, [2] tot 2 miljoen mense besoek jaarliks die Vincent van Gogh-museum in Amsterdam, Nederland, wat dit een van die gewildste museums ter wêreld maak. Hier kan jy meer as 200 van sy skilderye, sowat 500 tekeninge, asook talle briewe van nader besigtig. [3]

Ofskoon talle mense hom as hardkoppig en selfs vreemd beskou het, was Vincent van Gogh in sy kort lewe ’n meester wie se werk ’n ereplek in die geskiedenis van kuns verdien.

Van Gogh het meer as 20 selfportrette oor die jare geskilder.

Vroeë jare

Vincent Willem van Gogh is op 30 Maart 1853 in Nederland as die oudste van ses kinders gebore. Hy het twee broers en drie susters gehad. Sy pa, Theodorus, en oupa, Vincent, was predikante en sy ma, Anna, was ’n kunstenaar. Hy word vernoem na sy boetie, wat op 30 Maart 1852 tydens geboorte oorlede is. Vincent is dus presies een jaar ná sy broer se geboorte (en sterfte) gebore. Vincent word beskryf as ’n stil seun wat sy vrye tyd daaraan gewy het om deur die platteland te dwaal en die natuur waar te neem. Met die pastorie wat direk langs die kerk se begraafplaas was, moes hy waarskynlik elke dag verby sy boetie se graf stap. [4]

Hoewel sy familie baie godsdienstig was, het sommige van hulle wel in die kunswêreld gewerk. [5] Sy jonger broer, Theo, aan wie hy baie geheg was, het 'n kunsgalery in Parys, Frankryk, bestuur, en hy ondersteun later vir Vincent toe hy besluit het om voltyds 'n kunstenaar te word. Dit is dan ook uit ongeveer agthonderd briewe wat Vincent aan Theo geskryf het dat ons meer van hierdie passievolle kunstenaar te wete kom. [6]

Vincent was van kleins af lief daarvoor om te teken, maar hy het eers 'n hele aantal ander beroepe beoefen voordat hy uiteindelik 'n skilder geword het. [5] Hy het aanvanklik vir 'n paar kunshandelaars gewerk en reis in hierdie tyd tussen Den Haag, Londen en Parys. Vir 'n ruk is hy 'n onderwyser in Engeland, maar besluit dan om ook 'n predikant soos sy pa te word. Hy werk vanaf 1879 as 'n sendeling onder arm mense in die myne van België, maar besef later dat hierdie werk nie noodwendig sy roeping is nie. [7]

Loopbaan

Dit is eers op 27-jarige ouderdom wat Vincent van Gogh besluit om al sy aandag aan kuns te wy. Sy eerste werke word met potlood, houtskool en soms ook waterverf gedoen. Een van die bekendste kunswerke wat hy aan die begin van sy kunsloopbaan in 1885 tydens sy sendelingwerk in België lewer, is *Die Aartappeleters*, 'n skildery van 'n arm gesin in België wat besig is om aartappels vir aandete te eet.

Sy eerste werke is baie somber en ernstig; hy gebruik ook baie donker kleure, soos bruin en donkergroen. [8] In Frankryk ontvang hy nie net kunsopleiding nie, maar ontmoet ook vername skilders soos Monet en Gauguin. Hy begin om ligter en helderder kleure te gebruik, en sy verftegniek bestaan uit kort hale met die verfkwas.

Vir Van Gogh het sonneblomme dankbaarheid gesimboliseer. Geel was sy gunstelingkleur.

Die onderwerpe van sy kuns was baie keer geïnspireer deur die plekke wat hy besoek het. Hy het ook daarvan gehou om mense te skilder, maar omdat hy nie geld vir modelle gehad het nie, het hy meer as twintig selfportrette gemaak.

Toe hy in 1888 na Arles in Frankryk trek, huur hy ’n kamer in ’n geel huis. (Geel was sy gunstelingkleur.) Die helder son van die suide van Frankryk inspireer hom om nog helderder en lewendiger kleure te gebruik. Soms sou hy die verf in die buis direk op die skildery spuit en dan kon dit baie lank neem om droog te word.

Van Van Gogh se verfkwaste.

Verhoudings en gesondheid

Vincent was van kleins af ’n baie sensitiewe kind met ’n swak selfbeeld, en die feit dat hy ten spyte van sy boetie se ondersteuning net een skildery in sy hele lewe verkoop het, het beslis nie sy selfbeeld ’n hupstoot gegee nie. [8]

Hy het boonop gesukkel met verhoudings. Toe hy na Arles in Frankryk gaan om ’n plek te stig waar kunstenaars saam kan bly en mekaar kan inspireer, is dit net Paul Gauguin, ’n skilder en een van sy min vriende, wat opdaag. Toe Gauguin ná ’n rusie tussen hulle besluit om Arles te verlaat, hardloop Vincent met ’n lemmetjie agterna. Op die ou end sny Vincent ’n stuk van sy eie oor af en stuur dit as ’n “geskenkie” na ’n vrou in die dorp. [5]

Selfportret nadat hy ‘n stukkie van sy oor met ‘n lemmetjie afgesny het.

Dokters is tot vandag nog nie seker wat presies fout was met Vincent nie, maar hy het iets soortgelyks aan **epileptiese** aanvalle gekry. [4] Hy sou soms dae aanmekaar skilder sonder om te eet. Toe die dorpenaars van Arles ’n **petisie** teken om te sê dat hy gevaarlik is en gehospitaliseer moet word, verswak sy geestestoestand só dat hy homself in ’n hospitaal in Frankryk laat opneem. [8] In dié

hospitaal skilder hy een van sy bekendste skilderye, *Die Sterrenag*.

Die Sterrenag, een van Van Gogh se bekendste skilderye.

In daardie tyd het dokters nie baie van Vincent se siekte geweet nie. Hy kon nie altyd sy emosies beheer nie. Soms sou hy hartseer wees en oomblikke daarna kwaad. Kuns was vir hom 'n manier om sy siekte te hanteer, maar soms sou hy homself seermaak om beter te voel.

Ook in sy skildery, Die Slaapkamer, kan sy liefde vir geel gesien word. Sy huis in Arles is die Geel Huis genoem.

In Julie 1890 word Vincent deur 'n koeël in sy bors gewond. Theo vertrek onmiddellik na die hospitaal om by hom te wees. Vincent leef nog vir twee dae, maar sterf op 29 Julie 1890. Hoewel daar aanvaar word dat dit selfdood was, was daar ook gerugte dat twee seuns hom geskiet het. [6] Ses maande later sterf Theo van Gogh en word langs Vincent in Frankryk begrawe. [5]

Die huis in Frankryk waar Vincent en sy broer Theo gewoon het.

Sy deurslaggewende bydrae tot kuns

Vincent is op die jong ouderdom van 37 jaar oorlede nadat hy slegs kuns vir tien jaar voltyds beoefen het. Hy het gedurende hierdie tyd meer as 800 olieverfskilderye en meer as 'n 1 000 sketse voltooi.

Ná sy dood het Theo se vrou Vincent se skilderye geneem om aan die wêreld bekend te stel. Binne drie jaar ná sy dood is al sy skilderye verkoop en was hy wêreldbekend. Sy styl was heeltemal anders as die ander kunstenaars van daardie tyd. Dis veral die helder kleure en die emosie wat in die skilderye vasgevang is, wat sy werk besonders maak. As jy mooi kyk, sal jy sien dat die **kwashale** opgebreek was – so asof hy elke keer die kwas van nuuts af op die skildery gesit

het. [4]

Vandag word hy bedkou as een van die kunstenaars wat die grootste invloed op moderne kuns gehad het.

Die Van Gogh-museum in Amsterdam, Nederland.

Woordbank

epileptiese	’n Beensiekte waar die elektroniese impulse van die brein onreëlmatig is en dit tot aanvalle lei waar die lyf gewoonlik onbeheersd ruk.
petisie	’n Formele brief wat deur ’n klomp mense, wat oor ’n saak saamstem, onderteken word.
kwashale	’n Streep wat met ‘n kwas getrek is, gewoonlik in ‘n kunswerk.
impressionisme	’n Weergawe van ’n gebeurtenis/toneel/voorwerp soos dit die kunstenaar op die oomblik tref, waarin atmosfeer geskep deur ligeffekte belangrik is.

Lees hierdie artikels om nog meer te leer

- **Die invloed wat Van Gogh kuns op ander bekende kunstenaars gehad het**
- **Die verskil tussen impressionisme en postimpressionisme**
- **Watter kunstenaar moet jou slaapkamer ontwerp?**
- **Waarom het Van Gogh geel verf geëet?**

Kyk dié video’s om meer te wete te kom

***Starry, Starry Night* deur Don McLean (gebaseer op Van Gogh se lewe)**

Agter die skerms van *Loving Vincent*, die wêreld se eerste vollengte geskilderde film

Hoe om Vincent van Gogh se wêreldbekende sonneblomme te skilder

’n Goggatjie wat in een van Vincent van Gogh se skilderye vasgevang is

Kleur jou eie Van Gogh in!